



Bonsmaras trek deur die veld. Hul voervloeioprogram bestaan uit natuurlike veld, aangeplante weiding en oesreste. FOTO: NELIUS FERREIRA



Die Bonsmara is uiters aangepas. Hier staan twee koeie met hul kalwers wat in die sneeu gebore is. FOTO: NELIUS FERREIRA

## TWEE KALFTYE

Die beesboerdery, wat twee kalftye het, is nog in 'n groeifase en soveel verse moontlik word behou. Die eerste versseleksie is met speen en geskied op grond van speengewig en bouvorm om fenotopies vroegryp verse uit te kies. In die stoetkudde word verse al op 13 maande gepaar en hulle kalf op 22 maande, wat dan van vroeg af die vrugbaarste diere identifiseer.

Die bulletjies en versies wat vir die voerkraal bestem is, word dan alleen op die veld gehou om speenskok te bowe te kom. Dit kan enige tyd geskied vanaf speen tot wanneer die tollies vyf maande ná speen voerkraal toe gaan.

Nelius-hulle koop ook speenkalwers aan; verkieslik Bonsmaras, maar ook ander vleisrasse. **Die kalwers kry byvoeding teen 3-5 kg per kalf per dag op die veld in die vorm van 'n voerkonsentraat waarvan mielies en proteïene die belangrikste bestanddele is.**

Daarna gaan die kalwers na die boerdery se eie voerkraal toe. Hulle weeg teen daardie tyd minstens 260 kg. Daar bly hulle vir 110-150 dae, na gelang van die voerkoste. As voer goedkoper is, kan die beeste langer gevoer word om 'n swaarder karkas te lewer. Wanneer die mielieprys hoog is, hou hulle vroeër op voer.

Nelius sê die boerdery se eie Bonsmaras bly korter in die voerkraal omdat hulle vinniger groei. "Dit is omdat ons al jare lank onder meer vir groei selekteer. Gevolglik het ons goeie groei in die kudde gevestig en behaal ons nou goeie sukses in die voerkraal. Binne die ras is daar nie 'n noemenswaardige verskil in die voertydperk nie, maar sommige ander beesrasse het 30-40 dae méér nodig om ons mikpunt van 'n minimum slaggewig van 480 kg te bereik," sê hy.

Hulle bemark al hul slagbeeste aan abat-toirs in die Vrystaat en KwaZulu-Natal.

## ANDER BEDRYFSTAKKE

Hulle lewer sedert 1996 appels onder haelnette vir die plaaslike mark. Hul bome bestaan uit die kultivars Royal Gala, Top Red, Early Red One, Fuji, Pink Lady, Dalinette, Twist en Galmec.

Hulle verbou ook mielies, sojabone, suikerbone en koring vir graanproduksie, asook aartappels wat op varsproduktemarkte en regstreeks aan kopers verskaf word.

Hierdie manier van volhous met beeste stel die gesin in staat om houhoubaar met hul Bonsmaras te boer in 'n gebied waar dit nie aldag maklik gaan nie. **LBW**

➤ NAVRAE: Mnr. Nelius Ferreira, e-pos: [neliusferreira@yahoo.com](mailto:neliusferreira@yahoo.com); [ferrerebonsmaras@gmail.com](mailto:ferrerebonsmaras@gmail.com)

normaal was nie en 'n goeie volume gras eers in Desember beskikbaar was.

Aangeplante weidings, soos smutsvingergras, eragrostis en armmanslusern, vorm deel daarvan. Die aangeplante weidings word strategies gebruik, wat bydra tot die verhoging van drakrag, asook om die prestasie van sekere troepe diere gedurende die swaarkrymaande te handhaaf.

Die beeste bly tot middel Junie op die veld. Daarna wei hulle op mieliereste. Die smutsvingergras word twee keer gedurende die groeityd strategies bemes: vroegsomer met die eerste reën en weer einde Januarie. Dit word gedurende die moeilikste, koudste maande as staande hooi gebruik en verskaf ook groen weiding in die somer.

Sommige beeste, soos die jong bulle, wei deur die hele jaar op die veld, maar hulle sal in die swaarkrymaande eragrostishooi kry.

"Ons wil nooit kuddevermindering doen nie. Hierdie voervloeioprogram help ons om dié ideaal te verwesenlik," sê Nelius.

Die natuurlike weiding bestaan grootliks uit rooigras. Met hul wisselrusstelsel word die veld die hele tyd só bestuur dat dit die rooigras se groei en saadvorming maksimaal bevorder om die boerdery in staat te stel om so lank moontlik goeie veld te hê. Dit geskied deur 'n kampstelsel wat toelaat dat kampe elke drie tot vyf jaar vir 'n volle somer rus.

Die veld word redelik kort (tot op enkel-hoogte) afgewei. In die vleie is hulle soms genoodsaak om die veld te brand om van ou, nuttelose gras ontslae te raak. Hulle brand nie gereeld nie; net twee keer gedurende 'n tydperk van vyf jaar en nooit dieselfde kamp twee jaar ná mekaar nie; ook nooit wanneer dit baie droog is nie, want dan moet alle beskikbare weiding vir die vee behou word.